# Jy is altyd welkom






**Ds.:** Kom, Skepper-Gees, en waai deur ons gebroke wêreld.

**Gemeente**: Kom, Skepper-Gees, en bring nuwe lewe vir ons wêreld.

**Ds.** : Kom, Skepper-Gees, en waai deur ons gebroke lewe.

**Gemeente**: Kom, Skepper-Gees, en bring vir ons nuwe lewe.



Genade en vrede van een Skepper-God van alle dinge wat ons kan sien en nie kan sien nie;

Genade en vrede van een Here, Jesus Christus,
Wat God se lig na ons duisternis gebring het en wat nou sit aan die regterhand van die Vader.

Genade en vrede van die Heilige Gees,
wat ons Here en Lewendmaker is.



# VONKK 174:1

**Strome van seën
uit die hemel
gee God aan ons
deur sy Gees.
Hy skenk die
wedergeboorte,
maak van ons lewe
’n fees!**

VONKK 174

# *Refrein:*

**Strome van seën,**
**gee dit in oorvloed, o Heer,**
**dat ons kan groei en kan vrugdra,**
**daagliks kan leef tot u eer.**

**Strome van seën**
**uit die hemel**
**kom van die**
**Heilige Gees.**
**Hy wek geloof**
**en bekering**
**dat ons sy kinders**
**kan wees.**



## *Refrein:*

**Strome van seën,**
**gee dit in oorvloed, o Heer,**
**dat ons kan groei en kan vrugdra,**
**daagliks kan leef tot u eer.**

VONKK 174:3

**Strome van seën**
**uit die hemel**
**kom van die**
**Heilige Gees.**
**Hy kom vernuwe**
**ons denke**
**om meer gehoorsaam**
**te wees.**

*Refrein:*

**Strome van seën,
gee dit in oorvloed, o Heer,
dat ons kan groei en kan vrugdra,
daagliks kan leef tot u eer.**

# Johannes 20:19-23



# Pinkster 2024

## In die stroom van die Gees

19. Daardie Sondagaand was die dissipels bymekaar. Alhoewel die deure gesluit was omdat hulle bang was vir die Jode, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê: "**Vrede vir julle**!"

20. Nadat Hy dit gesê het, wys Hy sy hande en sy sy vir hulle. Die dissipels was baie bly toe hulle die Here sien.


21. "**Vrede vir julle!"** sê Hy weer vir hulle. **"Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."**


22. Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: **"Ontvang die Heilige Gees!** 23. As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie."


# In ons teks ontmoet ons onstelde en bang dissipels


Hoe oorleef ons die
trauma van die kruis?

# Hoe oorleef ons die trauma van vervolging en uitbanning?




Ons situasie verskil baie van die dissipels en eerste lesers... Tog...


Hoe oorleef ons die
trauma en verval
in Suid-Afrika?


In ons Pinkster-reeks
het ons gehoor hoe
ons kan oorleef:

# Ons kan net oorleef
# in die stroom van die Gees


Johannes  neem die gedagte van die
gesig in Esegiël op in sy evangelie

# In die stroom van die Gees

1. Nie alleen/wees, maar nuwe huis – koninkryk en Parakleet;
2. Nie fokus op bedreiginge, maar op my woorde en dade dat julle sien waar God werk;
3. Nie soek na wêreldse vrede nie, maar KK-vrede;
4. Bly in my en dra vrug, moenie op eie probeer nie;
5. Parakleet sal julle uit chaos van wêreld uit trek en lei in volle waarheid.



# Nie net raad vir oorlewing, maar roeping om dinge te verander


1. Jesus gee die stokkie oor aan
sy dissepels

Jesus gee die stokkie oor aan
ons sy kerk:

- As julle net wil oorleef is julle fokus verkeerd;
- moenie die stokkie laat val nie – draai jou fokus




# 2. Jesus aktiveer sy beloftes van die Parakleet – Hy gee die Heilige Gees


Die Gees lei die kerk vandag t.m.v. die chaos in die volle waarheid:

- Spreek jou woorde lewe of dood;
- Spreek jou dade lewe of dood

# 3. Jesus stuur sy dissipels om draers van nuwe lewe te wees

# Draers van nuwe hoop




Hoe oorleef ons die
trauma en verval
in Suid-Afrika?


Nie net raad vir oorlewing, maar roeping om dinge te verander

# In die stroom van die Gees - drears van nuwe lewe



# Flam 165

In die hart van God die Vader
is daar ’n sagte plek
vir die wêreld en sy mense,
uit elke huis en kerk.
En nadat Hy sy Seun gegee het
om te sterwe aan die kruis
soek Hy mense wat sy liefde
aan die wêreld sal gaan wys.

Daarom het Hy jou uitgesoek
en jou hiernatoe gelei
sodat sy genade kan uitvloei
deur die lewe wat jy lei.
En die harte van die mense
wat oral om jou bly
kan oorloop van sy guns
en heerlikheid.

Dankie dat U my uitgesoek het;
dat U my ook wil gebruik
sodat U genade kan uitvloei
deur die Woord wat ek bely.
Laat die lewens van die mense
wat oral om ons bly
dan oorloop van u guns
en heerlikheid.

Daarom het Hy jou uitgesoek
en jou hiernatoe gelei
sodat sy genade kan uitvloei
deur die lewe wat jy lei.
En die harte van die mense
wat oral om jou bly
kan oorloop van sy guns
en heerlikheid.



# In die stroom van die Gees - drears van nuwe lewe